Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Nobanele Funani**
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
Nobanele.Funani@westerncape.gov.za | 021 467 2243

Lêerno.: 3/3/3/1/1
Verwysing: 20230512-4279

Strategiese Mensbestuurminuut: 0008/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs, en Prinsipale

**Onderwerp: Distriksgebaseerde Funza Lushaka-beurse vir studente in die Wes-Kaap vir 2024**

1. Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) wil graag die begunstigdes van Fase IV van die Presidensiële Jeugindiensnemingsinisiatief (PJII), vakleerlinge wat deel is van die Premier se Program vir die Bevordering van die Jeug (PBJ) en leerders van alle skole wat daarin belangstel om 'n formele onderwyskwalifikasie te verwerf, in kennis stel dat 66 buitengewone distriksgebaseerde Funza Lushaka-beurse vir die 2024-akademiese jaar beskikbaar gestel is.

2. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) se Funza Lushaka-beursskema voorsien leerders wat uitstekend presteer van 'n volkoste beurs wat klasgelde, verblyf met maaltye, 'n handboektoelaag, notas en laboratoriumgelde (waar van toepassing) dek, sowel as 'n maandelikse toelae om basiese lewenskostes te dek.

3. Die Funza Lushaka-beursskema is 'n meerjarige program wat in 2007 van stapel gestuur is om onderrig in openbare skole as beroepskeuse vir bekwame en toegewyde Suid-Afrikaners te bevorder. Die program word plaaslik by die Universiteit van Wes-Kaapland, Universiteit Stellenbosch en die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie bestuur.

4. In 2012 het die DBO 'n distriksgebaseerde werwingsprogram bekendgestel met die fokus op leerders vanuit arm gemeenskappe (leerders by skole wat geen skoolgeld hef nie of leerders wat van die betaling van skoolgeld kwytgeskeld is) om hulle te help om toegang tot die Funza Lushaka-beursskema te verkry. **Die 66 buitengewone beurse sal slegs toegeken word aan studente wat bereid is om by skole in landelike gebiede onderrig te gee, met inagneming van die behoeftes van landelike distrikte.**

5. Die toekenning van ’n Funza Lushaka-beurs is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) Die program sal studente wat in die volgende rigtings wil spesialiseer, finansier:

i) **BEd Grondslagfase, met spesialisering** in Tale (Xhosa, Afrikaans, Engels), en onderwys vir leerders met spesiale behoeftes.

ii) **BEd Intermediêre Fase, met spesialisering** in Tale (hoofsaaklik Engels), Wiskunde, Natuurwetenskappe, Tegnologie en onderwys vir leerders met spesiale behoeftes.

iii) **BEd Senior Fase, met spesialisering** in Tale (hoofsaaklik Engels), Wiskunde, Natuurwetenskappe, Tegnologie, Kunste (Dramatiese en Visuele Kunste, Dans, Musiek, Ontwerp) en onderwys vir leerders met spesiale behoeftes.

iv) **BEd Verdere Onderwys-en-Opleiding-fase, met spesialisering** in Tale (hoofsaaklik Xhosa), Wiskunde (Tegniese Wiskunde ingesluit), Wetenskappe (Landbouwetenskappe, Natuurwetenskappe, Fisiese Wetenskappe, Lewenswetenskappe, Tegniese en Wiskundige Wetenskappe, met uitsluiting van Sosiale Wetenskappe), Tegnologie (Siviele, Elektriese, Meganiese Tegnologie, Rekenaartoepassingstegnologie en Kodering), Kunste (Dramatiese en Visuele Kunste, Dans, Musiek, Ontwerp), en onderwys vir leerders met spesiale behoeftes.

(b) Die beurs word vir een akademiese jaar op ’n slag toegeken, en met bewys van akademiese sukses kan dit jaarliks hernu word tot wanneer die ontvanger van die beurs as ’n opvoeder kwalifiseer. Daar sal van die beurshouer verwag word om jaarliks teen die einde van Oktober weer vir die volgende jaar aansoek te doen.

(c) Na afloop van die studiekursus sal van die beurshouer verwag word om by ’n skool in ’n landelike gebied onderrig te gee vir ’n tydperk van een jaar vir elke jaar wat hulle die beurs ontvang het.

6. Met inagneming van die sluitingsdatum van **28 Julie 2023** moet voornemende aansoekers voorts by die onderskeie hoëronderwysinrigtings (HOI’s) om toelating aansoek doen, en aan die toelatingsvereistes van die verskeie HOI’s, soos vermeld in paragraaf 3, voldoen. Gebaseer op die volgende minimum akademiese kriteria, sal die beurse op meriete deur die keuringskomitee by die WKOD se Hoofkantoor aanbeveel word:

(a) ’n Slaagpunt in graad 12 wat toelating tot ’n Baccalaureusgraad verleen.

(b) Die aansoeker moes aansoek gedoen het om toelating tot ’n goedgekeurde BEd-graadprogram, met spesialisering in twee of meer van die prioriteitsareas.

(c) ’n Slaagpunt van 60% of meer in hul Huistaal, 50% of meer in hul Eerste Addisionele Taal en ’n slaagpunt van 50% in die ander vier vakke.

(d) Studente wat in die Grondslagfase wil spesialiseer, moet Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid op graad 12-vlak slaag.

(e) Studente wat graag in die onderrig van tegniese vakke wil spesialiseer, moet ’n slaagsyfer in Wiskunde/Tegniese Wiskunde en Fisiese Wetenskappe/Tegniese Wetenskappe behaal.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is **28 Julie 2023**. Aansoekers moet aansoek doen deur die volgende skakel te gebruik om die aanlyn aansoekvorm in te vul: 2024 FUNZA APPLICATION en alle stawende dokumente by me. Masivelane Jita, tel. 021 467 2224, of per e-pos by Masivelane.Jita@westerncape.gov.za in te dien.

7. Die volgende stawende dokumente moet ingedien word:
   - Gewaarmerkte afskrif van identiteitsdokument.
   - Gewaarmerkte afskrif van Nasionale Senior Sertifikaat **OF** graad 12-verslag vir Junie.
   - Motivering oor hoekom jy 'n opvoeder wil word.
   - Bewys van aansoek of aanvaarding by 'n HOI in die Wes-Kaap.

8. Die volgende persone mag aansoek doen:
   - Fase IV PJII-assistente
   - PBJ-vakleerlinge
   - Graad 12-leerders
   - Suid-Afrikaanse burgers
   - Studente jonger as 30 jaar
   - Aansoekers wat goeie akademiese vermoëns toon
   - Aansoekers wat in die Wes-Kaap woonagtig is

9. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle Fase VI PJII-assistente, PBJ-vakleerlinge en leerders by alle skole.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2023-05-23